

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die Lewende Torah is. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende ‘man hu’ wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 16: B’shalach – Om te laat gaan.

Dit het gebeur dat toe Faraó die volk laat gaan het, God hulle nie deur die land van die P’lishtim gelei het nie, alhoewel dit nader was, want God het gesê: “Sodat die volk, as hulle oorlog sien, nie dalk hulle gedagtes verander en teruggaan na Egipte toe nie.” Ex. 13:17 – PWL¹

Torah: Exodus 13:17 tot 17:16.

Haftorah: Rigters 4:4 tot 5:31.

Nuwe Verbond: Joh. 6:22-40; Joh. 6:25-58; Rom. 9:15-23; Hand. 7:36; 1 Kor. 10:1-13; Heb. 11:29; Open. 15:1-4; Open. 2:17.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige jare se notas vir Parashah 16 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

It is not the man who has too little, but the man who craves more, that is poor. – Seneca

Not he who has much is rich, but he who gives much. – Erich Fromm.

It’s good to have money and the things that money can buy, but it’s good, too, to check up once in a while and make sure that you haven’t lost the things that money can’t buy. – George Lorimer.

My desire is that if I must suffer, let me not suffer for my own foolishness, but let it be that I suffer for the sake of righteousness. – Anonymous.

We have a tendency to think of God being glorified only in the manifestation of His mercy — He is just as glorified by His justice. – R.C. Sproul.

Our God is a consuming fire. He consumes pride, lust, materialism, and other sin. – Leonard Ravenhill.

¹Alle teksverwysings is geneem uit PWL_(Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om ‘n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Any concept of grace that makes us feel more comfortable sinning is not biblical grace. God's grace never encourages us to live in sin, on the contrary, it empowers us to say no to sin and yes to truth. – Randy Alcorn.

Torah Bespreking

Hersiening

Die hoogtepunt van verlede week se Torahskriflesing was die instelling van Pesag, wat as 'n nuwe begin vir Yisra'el beskou kan word, en die opdrag van יהוה om hierdie instelling jaarliks op gepaste wyse op die spesifieke bepaalde tyd te gedenk.

⁹ Dit sal vir jou as 'n teken wees op jou hand en as 'n herinnering tussen jou oë sodat die wet van יהוה in jou mond mag wees, want deur 'n sterk hand het יהוה jou uit Mitzrayim uitgelei;

¹⁰ daarom moet jy hierdie instelling hou op die spesifieke bepaalde tyd, van jaar tot jaar. Exo. 13:9-10.

Pesag is 'n herinnering dat יהוה vir Yisra'el, en die menigte wat by hulle aangesluit het, met 'n sterk hand uit Mitzrayim uitgelei het.

Ons het ook gesien dat Pesag 'n sinnebeeld is van wedergeboorte. Soos wedergeboorte 'n nuwe begin is, so was Pesag vir Yisra'el 'n nuwe begin. Daarom behoort elkeen se wedergeboorte ook 'n jaarlikse herinnering te wees van יהוה se sterk hand, wat deur Yeshua se folterdood en opstanding, bevryding van die slawejuk van sonde gebring het! Ons is geneig om te vergeet van יהוה se sterk hand wat wedergeboorte vir elkeen wat in Yeshua as dié Gesalfde Een vertrou, moontlik gemaak het!

Ons wedergeboorte is belangriker as ons fisiese geboorte! Met ons fisiese geboorte het ons niks mee te doen gehad nie, maar met ons wedergeboorte het ons genadiglik die wysheid gehad om te kies om deur vertrou in Yeshua as die Lam van God wedergebore te word. Dit verdien eerder gelukwensing en die seënwense dat die res van ons wedergebore lewe in gehoorsaamheid aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervul is, sal wees! Een dag van wedergeboorte en Torah-gehoorsaamheid is beter as 80 jaar ongered en van Torahloosheid!

Ons dae voor ons wedergeboorte kan vergelyk word met die negende oordeel van duisternis – 'n geestelike duisternis waar ons nie die Lig van Waarheid kon sien nie!

In hierdie week se Torahskriflesing het Yisra'el 'die pad gevat' na die beloofde land, Kena'an! Die hoogtepunt van hierdie week se Skriflesing is die deurtog deur die Rooisee, wat ook 'n sinnbeeld van die waterdoop deur onderdompeling is, en die 'man hu' wat getuig van God se voorsiening in al ons daaglikse behoeftes.

Bepeins of Bespreek

1. Hoewel hierdie vraag eerder deel moet wees van ons vorige Torahskriflesing, is dit tog iets om ernstig oor na te dink alvorens ons voortgaan met ons studie. Is dit belangrik op watter datum ons Pesag (Paasfees) gedenk? Bepeins of Bespreek dit in die lig van die volgende: Die Roomse Kerk en Protestante bepaal Paassondag (Opstandingsondag) as die eerste Sondag na die volmaan wat volg op die lente-ewening van 20-21 Maart. Goeie Vrydag is uiteraard dan die voorafgaande Vrydag. Die bepaling van die datum van Paassondag is egter die metode wat ook gebruik was om die datum vir die *Easter-*

feesvieringe, naamlik die Sondag wat die songod en nuwe lewe verwelkom word, vas te stel. Die heidense invloed in die vasstelling van die datum van Paasfees is dus duidelik. Die korrekte wyse om die jaarlikse datum van Pesag vas te stel, moet volgens God se opdrag wees, naamlik op die 14 dag van die eerste maand bekend as Nisan (Ex. 12:1-14; Lev. 23:4-5). Yeshua is op Pesag gekruisig en daarom is dit dié datum wat die folterdood van ons Meester gedenk moet word en nie op die dag en datum soos deur die kerk later bepaal is nie. Goeie Vrydag is dus 'n leerstelling van die Christendom wat nie in die bladsye van die Skrifte gevind word nie!!

Onder die Wolk en deur die See!

In hierdie week se Torahskriflesing bevind Yisra'el hulle in die tydperk van sewe weke tussen die uittog uit Mitzrayim (Pesag) en die gee van Torah (Shavuot) by Sinai. Hierdie sewe weke staan bekend as die tel van die omer.

Maar Yisra'el moes eers deur die Rooisee trek op hulle pad na Sinai.

Die kinders van Yisra'el het op droë grond deur die see getrek. Die waters was vir hulle 'n muur aan hul regter- en aan hul linkerkant. Ex. 14:22.

In 1Kor. 10:1-2 vergelyk Sha'ul Yisra'el se deurtog deur die Rooisee met die doop in water en die wolk met die ontvang van die Gees wat Afgesonderd is:

- 1 My broers, ek wil hê dat julle moet weet dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see gegaan het,
- 2 almal deur Mosheh ingedoopt is in die wolk en in die see,

Soos voorheen bespreek is, is Pesag 'n sinnbeeld van wedergeboorte. Hiervolgens is dit duidelik dat bevryding van die slawejuk van sonde deur die waterdoopt opgevolg moet word. Dit herinner ons aan die woorde van Kefa (Petrus) op die dag van Shavuot (Pinkster):

“Draai weg van julle sondes na God toe en laat elkeen van julle gedoopt word in die Karakter en Outoriteit (Naam) van Die Meester, Yeshua, tot bevryding van sondes sodat julle die geskenk van die Gees wat Afgesonderd is kan ontvang. Hand. 2:38.

Die volgorde is dus duidelik, naamlik: Vertroue en bekering tot wedergeboorte wat gevolg word deur die waterdoopt en dan sal die gawe van die Afgesonderde Gees volgens die belofte ontvang word. Petrus het nie gesê dat die sowat drie duisend Yeshua ('Jesus') in hulle harte moet in nooi nie, en hy het ook nie gesê dat hulle 'n kort 'sondaarsgebed' agter hom aan moet bid nie, of dat hulle hul harte vir Yeshua moet gee nie. Nee, hy het die vereiste vir redding aan hulle duidelik uitgespel, naamlik vertroue in Yeshua as dié Gesalfde Een wat bekering (terugkeer tot Torahgehoorsaamheid) tot gevolg het en dan opgevolg word met die waterdoopt en die vulling met die Afgesonderde Gees.

In hierdie verband moet ons ook nie die woorde van Sha'ul in Rom. 6:1-6 vergeet nie toe hy geskryf het dat die doop 'n sinnebeeld van die sterwe van die sondaar, naamlik die oortreder van Torah is:

- 1 Wat sal ons daarom sê? Sal ons in die sonde bly sodat die onverdiende guns meer kan word?
- 2 'n Verwerplike gedagte! Hoe kan enige een van ons wat dood is vir die sonde, weer daarin leef?
- 3 Of weet julle nie dat dié van ons wat in dié Gesalfde Een, Yeshua, gedoopt is, in Sy dood gedoopt is nie?

4 Ons is saam met Hom begrawe in die doop tot die dood sodat net soos dié Gesalfde Een uit die dood uit opgestaan het deur die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van Sy Vader, ons ook net so in 'n nuwe lewe kan leef,

5 want as ons een geword het met Hom deur dieselfde dood as Hy, sal ons ook een wees met Hom in dieselfde opstanding as Hy.

6 Ons weet dat ons ou mens saam met Hom gekruisig is sodat die liggaam van sonde vernietig sou word sodat ons nie langer 'n slaaf van die sonde sal wees nie,

7 want hy wat dood is, het homself van die sonde bevry.

Hierdie patroon van vertroue en bekering, naamlik vertroue tot redding en die terugkeer tot Torahgehoorsaamheid, wat gevolg word deur die waterdoop (simboliese wassing en 'sterwe' van die sondaar) en die vulling met die Afgesonderde Gees (die krag tot Torahgehoorsaamheid) word deurgaans in die Skrifte gevind. Hierdie patroon het ons tot hede in ons bestudering van Torah gesien, behalwe die ontvang van (vulling) met die Afgesonderde Gees. Maar ons volgende Torahskriflesing is die aankoms by Sinai en *Shavuot* – 'n sinnebeeld van die ontvang van Torah en van die Afgesonderde Gees. Tot dan is Yisra'el besig (onwetend!) om die dae tot by die aankoms by Siani te tel – die tel van die *omer*!!

Bepeins of Bespreek

1. Die doel van Torahgehoorsaamheid moet nie wees om יהוה se seëninge te ontvang nie, want dit openbaar 'n selfsugtige houding! Gehoorsaamheid aan Torah moet eerstens deur liefde vir God, en uit dankbaarheid vir Sy onverdiende guns in Yeshua, gemotiveer word! Die moontlike seëninge wat volg is 'n 'bonus' van God se onverdiende guns wat ontvang word. Vader-God se seëninge is steeds nie op grond van verdienste nie, maar slegs op grond van Sy onverdiende guns, want geen mens kan die Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is in alle opsigte elke dag onderhou nie! Wat motiveer jou om Torahgehoorsaam te wees? Liefde of selfsug?

Yeshua, Die 'Man hu' Uit Die Hemel

'n Maand nadat Yisra'el uit Mitzrayim getrek het, was hulle kosvoorraad uitgeput en het hulle teen Mosheh en Aharon gemurmureer (Ex. 16:2). En dan lees ons in Ex.16:11-15 die volgende:

11 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

12 “Ek het die klagtes van die seuns van Yisra'el gehoor; praat met hulle en sê: In die aand sal julle vleis eet en in die oggend met brood versadig word en julle sal weet dat Ek יהוה, julle God, is.”

13 So het dit gebeur dat teen sonsondergang daar kwartels opgekom en die kamp toegedek het en in die oggend was daar 'n laag dou rondom die kamp.

14 Nadat die laag dou opgetrek het, het daar oor die wildernis iets gelê wat fyn en korrelrig was, so fyn soos ryp op die grond.

15 Toe die seuns van Yisra'el dit sien, sê hulle vir mekaar: “Wat is dit? (Man hu?)”

Want hulle het nie geweet wat dit was nie. Mosheh sê vir hulle: “Dit is die brood wat יהוה vir julle gee as kos.

Ons het nie absolute sekerheid wat presies die 'man hu' was nie. In Num. 11:7-8 lees ons wel die volgende:

7 Die 'man hu' was soos koljandersaad en dit het gelyk soos boomgom.

8 Die volk het rondgegaan en dit bymekaargemaak en op maaltene gemaal of in vysels gestamp, dit in panne gekook en koeke daarvan gemaak. Die smaak daarvan was soos die smaak van koeke gebak in olie.

Ons kan wel die gevolgtrekking maak dat die voedingswaarde daarvan sodanig was dat dit 'n volledige gebalanseerde dieet was wat vir veertig jaar in al Yisra'el se voedingsbehoefte voorsien het! Die God van Yisra'el is waarlik יהוה-Yir'eh (Yahuah sal voorsien – Gen. 22:14) en El Shaddai (Die Magtige God is meer as genoeg – Ex. 6:3)!

Wat die insameling van die 'man hu' betref, het God ook bepaalde opdrag gegee, naamlik dat elke man kos bymekaar moet maak vir elke mond, 'n omer vir elke kop, volgens die getalmense in sy tent (Ex. 16:16) en niemand moet van die 'man hu' laat oorbly tot die oggend toe nie (Ex. 16:19)! En dan lees ons wat gebeur het toe Yisra'el aanvanklik aan hierdie opdrag gehoorsaam was:

17 Die seuns van Yisra'el het so gedoen: hulle het bymekaargemaak, sommige meer, ander minder,

18 maar toe hulle dit met die `omer meet, het hy wat baie bymekaargemaak het, niks oorgehad nie en hy wat min bymekaargemaak het, nie te min gehad nie. Elkeen na sy behoefte het hulle bymekaargemaak.

God het dus volgens elkeen se daaglikse behoeftes voorsien – nie te min en nie te veel nie, maar net genoeg! Dit herinner ons aan die gebed wat Yeshua ons geleer het, naamlik: “Gee ons die brood wat ons vandag nodig het” (Matt. 6:11). En dan volg Yeshua dit op deur te sê (vers 25):

‘Moenie bekommerd wees oor julleself, wat julle sal eet of drink nie, of oor julle liggaam, wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as kos en die liggaam meer as klere nie?’

Met die 'man hu' wou Vader-God vir Yisra'el leer om Hom te vertrou dat Hy in hulle daaglikse behoeftes sou voorsien. Dit is wat Yeshua ook die skare mense wou laat verstaan toe Hy gesê het (Matt. 6:26-32):

26 Kyk na die voëls in die lug! Hulle saai nie en hulle maai ook nie en hulle stoor nie kos in skure nie en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?

27 Wie van julle kan deur bekommerd te wees, een el by sy lengte byvoeg?

28 Waarom bekommerd wees oor klere? Dink ernstig aan die lelies van die veld en hoe hulle groei, sonder om hard te werk of te spin

29 en tog sê Ek vir julle dat selfs nie eens Shlomo, in al sy eer en lof soos een van hulle aangetrek was nie.

30 As dit dan is hoe God die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, aantrek, sal Hy julle dan nie soveel meer aantrek nie? Hoe min vertrou het julle nie!

31 Julle moet daarom nie bekommerd wees en vra: ‘Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie,’

32 want dit is die ander nasies wat konsentreer op al hierdie dinge. Julle hemelse Vader weet dat julle ook al hierdie dinge nodig het.

Maar wat Yeshua in verse 33 en 34 sê, is die kern van Sy boodskap, naamlik:

33 maar soek eerste die Koninkryk van God en Sy onpartydige opregtheid en al hierdie dinge sal ook vir julle bygesit word.

34 Bekommer julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge bekommer. Elke dag het genoeg aan sy eie booshede.”

Wat Yeshua die skare mense geleer het, was dat God in elkeen se daaglikse behoeftes sal voorsien indien elkeen met ywer die Koninkryk van God soek, asook Sy onpartydige opregtheid soek met die doel om dit te doen! Anders gestel: Yeshua het gesê om nie te bekommer oor ons materiële behoeftes nie, maar om eerder “te bekommer” oor ons geestelike behoeftes. Laasgenoemde is belangriker as enige materiële behoeftes. Wanneer ons God se Koninkryk soek, en Sy onpartydige opregtheid doen, sal God in ons materiële behoeftes voorsien.

Om God se Koninkryk te soek is om met verlange en ywer die Koning van die Koninkryk te dien – volgens Sy onpartydige opregtheid wat Sy Torah is. Alleenlik dan sal Vader in ons daaglikse behoeftes voorsien! Dit is die beginsel van vertroue en gehoorsaamheid!

Wat Yeshua hier vir die skare geleer het, is presies dit wat Vader-God vir Yisra’el van ouds tydens hulle wildernistog geleer het, naamlik vertroue in God as hulle voorsiener in al hulle daaglikse behoeftes mits hulle gehoorsaam is aan Sy Torah. Dit word ondermeer bevestig deur Deut. 28:1-2:

1 Nou sal dit wees, as jy יהוהי, jou God, ywerig gehoorsaam, deur versigtig te wees om al Sy opdragte, wat ek jou vandag beveel, te doen, יהוהי, jou God, jou sal ophig bo al die nasies van die aarde.

2 Al hierdie seënninge sal oor jou kom en jou oorweldig as jy יהוהי, jou God, gehoorsaam:

Verse 3-14 beskryf al die seënninge, naamlik die voorsiening in alle behoeftes, terwyl verse 15-68 die vloeke van ongehoorsaamheid uitspel!

Die ‘man hu’ is ‘n sinnebeeld van God se fisiese en materiële voorsiening aan Sy kinders wat Hom tot so ‘n mate vertrou om in gehoorsaamheid aan Sy Torah te lewe.

Maar daar is ook ‘n ander belangrike les wat die insameling van die ‘man hu’ons leer ten opsigte van die opdrag dat daar niks daarvan tot die volgende dag moet oorbly nie! Ons lees daarvan in Ex. 16:20.

Nogtans het hulle nie na Mosheh geluister nie: sommige het daarvan laat oorbly tot die oggend toe en daar het wurms ingekom en dit het gestink. Mosheh was woedend vir hulle.

Hierdie is ‘n les in materialisme! Rykdom hou ‘n inherente gevaar in, in die sin daarvan dat dit neig om ons minder afhanklik van God te maak, want ons maak staat op ons eie vermoë. Ons raak so geheg aan, en afhanklik van ons wêreldse besittings dat ons nie Vader-God vir ons daaglikse behoeftes vertrou nie! Materiële rykdom kan in een oomblik verdwyn, want die “wurms” van ekonomiese magte buite ons beheer, kan ons materiële rykdom laat “verrot”! Daarom het Yeshua gesê:

19 Moenie vir julle skatte opgaan hier op die aarde, waar motte en roes vernietig en waar die we inbreek en steel nie,

20 maar stoor vir julle self skatte in die hemel, waar mot of roes nie verniel nie en waar die we nie inbreek en steel nie,

21 want waar julle rykdom is, daar sal julle gedagtes, wil en emosie ook wees (Matt. 6:19-20)

En daarom het Yeshua ook gewaarsku dat dit moeilik vir 'n ryk man is om in die Koninkryk van die hemel in te gaan en dat dit makliker vir 'n kameelhaartou is om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man om in die Koninkryk van God in te gaan (Matt. 19:22-23).

Later in ons Torahskriflesings sal ons ook 'n ander baie belangrike les leer met betrekking tot God se voorsiening van 'man hu', naamlik om dankbaar te wees vir die wyse en vir wat God voorsien. Ons lees in Num. 11:4-35 van Yisra'el se ontvredenheid met die daaglikse 'man hu'-dieet!

4 Die gemengde bevolking wat onder hulle was, het gierige begeertes gehad. Die seuns van Yisra'el het weer gehuil en gesê: “Wie sal vir ons vleis gee om te eet?”

5 Ons onthou die vis wat ons vrylik in Mitzrayim kon eet, die komkommers, die waatlemoene, die preie, die uie en die knoffel,

6 maar nou is ons eetlus opgedroog; daar is glad niks om na te kyk nie, behalwe net die 'man hu' voor ons oë.”

Die uiteindelige gevolg van Yisra'el se ontvredenheid was dat God deur Mosheh aan die volk gesê het:

18 ‘Sonder julle af teen môre en julle sal vleis eet, want julle het in die ore van יהוה gehuil en gesê: ‘Wie sal vir ons vleis gee om te eet, want dit het goed met ons gegaan in Mitzrayim?’ יהוה sal daarom vir julle vleis gee en julle sal eet.

19 Julle sal nie een dag of twee dae of vyf dae of tien dae of twintig dae eet nie,

20 maar 'n hele maand lank totdat dit uit julle neusgate uitkom en vir julle walglik word omdat julle יהוה, wat tussen julle is, verwerp het en voor Hom gehuil en gesê het: ‘Hoekom het ons ooit uit Mitzrayim opgetrek?’ Num. 11:18-20.

En so het dan ook gebeur soos in verse 31-33 opgeskryf is!

31 'n Wind het vanuit gekom en kwartels van die see af oorgebring en hulle naby die kamp laat val, omtrent 'n dagreis hier en omtrent 'n dagreis daar, reg rondom die kamp en omtrent twee el diep bo-op die grond.

32 Die volk het daardie hele dag, die hele nag en die hele volgende dag opgestaan en die kwartels bymekaargemaak. Hy wat die minste bymekaargemaak het, het tien homer bymekaargemaak en hulle het dit vir hulleself uitgesprei oral rondom die kamp.

33 Terwyl die vleis nog tussen hulle tande was, voordat dit gekou is, het die woede van יהוה teen die volk ontbrand en יהוה het die volk met 'n baie ernstige plaag geslaan.

Maar steeds het Yisra'el nie geleer om tevrede en dankbaar te wees vir God se voorsiening nie, want in Num. 21:5 lees ons:

Die volk het teen God en teen Mosheh gepraat: “Waarom het U ons uit Mitzrayim laat opkom om in die wildernis te sterf, want daar is geen brood en geen water nie en ons liggame walg van hierdie nuttelose kos.”

Hierdie keer het יהוה-God giftige slange onder die volk gestuur wat die volk gebyt het en baie van die mense van Yisra'el het gesterf (Num. 21:6)! Ontevredenheid en ondankbaarheid met Vader-God se wyse en hoeveelheid van voorsiening kan jou fisiese en geestelike dood tot gevolg hê!!

Daarom herinner Sha'ul ons daaraan om in alles dankbaar te wees (1Thess. 6:18). Laat dit wat ons het, vir ons genoeg wees, want יהוה het gesê: “Ek sal jou nooit in die steek laat en jou hand laat los nie.” (Heb. 13:5). Sha'ul waarsku ons ook om nie begerig na boosheid soos Yisra'el te wees nie (1Kor. 10:6), en om nie soos sommige van hulle te kla nie en toe deur die vernietiger omgekom het (1Kor. 10:10).

In die lig van bogenoemde kan ons nou verstaan hoekom God aan Mosheh opdrag gegee het dat 'n omer vol 'man hu' vir die nageslagte bewaar moes word (Ex. 16:32-34).

32 Toe sê Mosheh: “Dit is wat יהוה beveel het: 'n `omer vol moet daarvan bewaar word vir julle geslagte sodat hulle die brood kan sien wat Ek julle in die wildernis laat eet het, toe Ek julle uit die land van Mitzrayim uitgelei het.”

33 Mosheh sê vir Aharon: “Vat 'n pot en gooi 'n `omer vol 'man hu' daarin en sit dit voor יהוה neer, om dit vir julle geslagte te bewaar.”

34 Soos יהוה Mosheh beveel het, so het Aharon dit voor die Getuienis neergesit om bewaar te word.

Ons lees ook in die brief aan die Hebreërs van hierdie 'man hu' wat bewaar moes word in die verbondsark wat in die Mees Afgesonderde van tempel gestaan het (Heb. 9:4). Dit moes dien as 'n herinnering van die brood wat hulle voorgeslagte in die wildernis geëet het – 'n herinnering van God se voorsiening, maar ook 'n herinnering om nooit te murmureer oor God se voorsiening nie!!

Maar die belangrikste geestelike betekenis van die 'man hu' wat daagliks uit die hemel gekom het en Yisra'el fisies gevoed het, is Yeshua wat die Brood van Lewe is en ons geestelik voed. Daarom het Yeshua self gesê:

“Ek is onveranderlik dieselfde, die Brood van Lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger wees nie en wie in My vertrou, sal nooit dors wees nie, tot in ewigheid, Joh. 6:35.

57 Net soos die Lewende Vader My gestuur het en Ek as gevolg van die Vader lewe, net so sal hy wat My eet, ook as gevolg van My lewe.

58 Hierdie is die Brood wat vanuit die hemel afgekom het; nie soos julle vaders wat die 'man hu' geëet en doodgegaan het nie; wie hierdie Brood eet, sal tot in ewigheid lewe.” Joh. 6:57 en 58.

Ten einde die ware betekenis van hierdie woorde van Yeshua te verstaan, moet ons begrip hê van die rol wat koring en brood in die lewe van Yisra'el van ouds gespeel het. Die koringkorrel was simbolisies van die geheimenis van lewe. Dit is as 'n wonderwerk van יהוה beskou, want dit is slegs God wat dit wat ooglopend dood lyk, weer lewendig kan maak. Koringkorrels wat gesaai word, “sterf” in die grond, maar bring dan nuwe koring voort. God alleen is die Skepper van hierdie lewe.

Yeshua, dié Gesalfde Een, is die koringkorrel wat God se geheimenis van lewe bevat, naamlik die ewige lewe en die lewe in oorfloed. Yeshua is die koringkorrel wat gesterf het sodat ons die ewige lewe kan hê (Joh. 12:24) en deur Sy opstanding 'n lewe in oorfloed deelagtig kan wees (Joh. 10:10b).

Daarom is Yeshua die Brood van Lewe, naamlik die Een wat in al ons behoeftes van gees, siel en liggaam sal, en kan voorsien. Die belofte is dat indien ons van die brood ('man hu') wat יהוה uit die hemel in Yeshua voorsien “eet”, sal ons nooit gebrek hê nie. Daar sal in al ons

behoefte voorsien word. Die voorwaarde is egter dat ons moet kom om daaglik daarvan te “eet” en dit in gehoorsaamheid in ons lewe toepas!

Brood is ook beskou as die maaltyd van versoening en as deel van die verbondsmaaltyd. Daarom is dit tot vandag die gebruik om brood versigtig te breek en nie te sny nie, want `n mes is beskou as `n wapen wat vernietig. Deur brood versigtig te breek word respek vir die geheimenis van lewe openbaar. Die gesamentlike breek van brood en die eet van `n maaltyd was simbolies van versoening en onderlinge gemeenskap. Die Yisra’eliete het `n maaltyd beskou as `n samesyn tussen vriende wat `n verpligting teenoor mekaar het. Die tafel is simbolies van die altaar en die brood simbolies van die toonbrode. Gesamentlik het dit ook versoening en vrede met יהוה gesimboliseer.

Yeshua, dié Gesalde Een, is ons verbondsmaaltyd van voorsiening en versoening met יהוה. Hy is die Brood van Versoening en die Brood van Lewe. Elkeen moet van hierdie Brood eet. Elkeen wat glo dat Yeshua die gekruisigde en opgestane Gesalfde van God is, het deel aan die liggaam en bloed van Yeshua.

54 Wie ook al van My liggaam eet en My bloed drink, het die ewige lewe en Ek sal hom laat opstaan in die laaste dag,

55 want My liggaam is ware kos en My bloed is ware drank.

56 Wie My liggaam eet en My bloed drink, bly in My en Ek in hom. Joh. 6:54-56.

Hierdie Brood van Lewe is die boodskap van יהוה-God se onverdiende guns wat vlees geword het en onder ons kom woon het.

Die boodskap het Vlees geword en het onder ons gebly en ons het Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gesien, `n Gemanifesteerde Teenwoordigheid soos van die Enigste Uniekgeborene wat vanaf die Vader kom; Hy wat vol van onverdiende guns en waarheid is.

Hoekom moet ons die Woord eet? Ons moet voedsel eet alvorens dit kan verteer en ons liggaam die waarde van die voedsel kan benut. Wat doen ons met brood? Ons eet dit! En wanneer ons dit eet word dit verteer en kan ons liggaam dit benut. Dieselfde beginsel geld vir יהוה se Woord. Ons eet יהוה se Woord wanneer ons dit bestudeer om met die hulp van die Gees van Afsondering die openbaringskennis te kry sodat ons dit kan toepas in ons daaglikse wandel. Alleenlik dan sal יהוה se Woord in ons werk om in al ons behoeftes te voorsien. Dan sal ons voorspoedig wees in alles wat ons doen (Ps. 1:2-3).

U woorde is gevind en ek het hulle opgeëet en U woorde het vir my `n vreugde en `n blydskap vir my verstand, wil en emosie geword, want ek word volgens U Naam (Karakter en Outoriteit) genoem, ם יהוה-Tzva’ot! Jer. 15:16.

Hierdie boek van die wet mag nie uit jou mond uitgaan nie, maar jy moet dit dag en nag bedink sodat jy versigtig kan wees om volgens alles wat daarin geskryf staan te doen, want dan sal jy jou paaië voorspoedig maak en dan sal jy sukses hê. Jos. 1:8

Om die Woord te glo beteken om die Woord toe te pas, en om die Woord toe te pas moet die Woord geken word, en om die Woord te ken moet die Woord geëet word.

Indien jy voldoende voedsel het, maar dit nie eet nie en gevolglik verswak en siek word, kan jy net jouself blameer. Talle gelowiges is geestelik verswak en siek omrede hulle nie die Woord van God eet nie. Een maaltyd `n week is onvoldoende. Baie gelowiges is geestelik ondervoed of geestelik wangevoed omrede hulle nie eet van die Woord van God en dit nie gehoorsaam nie.

Bepeins of Bespreek

1. Lees die gelykenis van die ryk dwaas in Luk. 12:13-21 en let veral op verse 20-21. Geld is nie die wortel van alle euwel nie, maar wel geldgierigheid (Verwys 1Tim. 6:10 en Heb. 13:5). Daarom: *A wise person should have money in their head, but not in their heart* (Jonathan Swift). Dit beteken dat rykdom moet nie van jou hart besit neem nie, maar die wat rykdom besit moet verstandig optree om steeds geestelik geanker te bly. Rykdom moet nie 'n tronk van selfopgelegde gevangenskap wees nie (Verwys Mark. 110:17-23 – die ryk jongman). Jou rykdom moet gemeet word volgens jou kennis en verhouding met jou Skepper-God (Verwys Jeremia 9:23-24 – dit moet ons doel wees!) Soos Benjamin Franklin dit stel: *An investment in knowledge pays the best interest*. Om God te ken verseker 'n belegging van ongekende opbrengs, want dit is die ewige lewe (Joh. 17:3).
2. 'Man hu' beteken *wat is dit?* Vandag wanneer die meeste Christengelowiges vertel word van God se Torah, dan vra hulle ook: "Wat is dit?" en besef nie dat dit die Brood van Lewe is wat Vader-God uit die hemel gestuur het om hulle geestelik te voed nie! Wat is die lot van hierdie gelowiges? Verwys Hos. 4:6 en Jes. 5:13 – 'n volk wat ten gronde gaan weens gebrek aan kennis en geestelike hongerlyers!
3. Vandag sê Rabbynse Judaïsme steeds dieselfde oor die 'man hu', Yeshua die Brood van Lewe, wat God uit die hemel gestuur het. Hulle weier om te eet van hierdie Hemelse Brood, want hulle beskou dit as "nuttelose kos en hulle liggame walg daarvan" (Num. 21:5). Hulle is gebyt deur giftige slange en sal slegs geestelike genesing ontvang wanneer hulle in vertroue hulle oë vestig op die folterpaal waar Yeshua die prys vir hulle sondes betaal het. Elkeen wat weier om dit te doen, is geestelik reeds dood en sal deur יהוה veroordeel word.

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.